

Laat sy liefde jou lei: Nuwe mens. Genademens.

Laat sy liefde jou lei: Nuwe mens. Genademens. – Milanie Vosloo

Van een ding is ek seker: dit is God wat al hierdie dinge met julle laat gebeur. Hy sal dit vir julle bly doen tot op die dag wanneer Christus Jesus weer kom. Jy sal julle nooit in die steek laat nie, daarvan kan julle seker wees. Filippense 1:6

Dis darem maar 'n groot stuk genade dat ons Vader nie net die gate van ons lewens toestop nie! Hoe wonderlik dat Hy kies om ons eerder keer op keer óór te maak! Ons God neem elke dag ons vuil lap-lewens sodat Hy dit kan weggooi en ons weer met 'n splinternuwe genadedag kan bederf!

Die Ontwerper-van-harte het jou innig lief. Só lief dat Hy, ten spyte van enige iets, daaglik wéér vir jou die geleentheid gee om binne sy perfekte patroonafmetings vir jou lewe te leef. Hy weet immers dat, wanneer jy binne sy wil vir jou lewe leef, jy elke dag sal groei in jou geloof, jou liefde, jou menswees en jou geluk. Ongeag al die gisters van jou lewe, is daar geen rede waarom jy ooit 'n uitgetorringde en ongelukkige mens hoef te bly nie. God kan en wil elke nuwe môre weer jou hart nuut maak in sy volmaakte liefde..

Glo dat jou Vader-van-Genade jou vandag in álle opsigte nuut wil maak. Gee maar net jou héle menswees daaglik in oorgawe aan Hom en hoor hoe Hy vir jou sê: Jy is steeds ... altyd ... my genadekind!

Here Jesus, gooi asseblief hierdie doellose lapmens weg en maak my 'n spierwit liefdesmens.

Bybelkennis gaan gereeld gedeeltes uit Milanie Vosloo se boek: Laat sy Liefde jou Lei, publiseer. Ons dank aan Milanie Vosloo en CUM vir hierdie vergunning.

Vir meer inligting oor CUM, besoek gerus hulle webblad by www.cumuitgewers.co.za



skrywer: Milanie Vosloo